


*(***Iets gebeur dwarsdeur Jesus se bediening as Hy in mense se huise kom***. Die volgende 4 weke gaan ons preek-tema HOME wees en gaan ons na 4 eienskappe van 'n geestelike tuiste kyk – in aansluiting by ons jaartema: SA Gemeente, 'n geestelike tuiste vir wêreldreisigers)*

**Ysbreker**

**Gesels as groep eers saam oor die volgende vrae:**

- **Vertel vir mekaar van die grootste pak slae wat jy as kind in jou lewe gehad het.** (of die ergste straf wat jou ouers jou gegee het...)

- **Watter impak het dit op jou gehad? Hoe het dit jou gevorm?** Of nie...

**Skriflesing: Lukas 8:40-56**

Lees die gedeelte saam en gee aan elke groepslid kans om te sê wat in die gedeelte het hulle getref.

In hierdie gedeelte is Jesus baie hard en eerlik en reguit met die Fariseërs oor dit wat nie reg is in hulle lewens nie. Op 'n manier gee Hy vir hulle 'n goeie pak slae (!)

- **Waarom dink julle was Jesus so hard met hulle?**
  - (vir leier: *die Fariseers was die geestelike leiers, hulle moes voorloop, hulle is veronderstel om 'n voorbeeld vir ander te wees, dit is hul lewens wat eintlik vertel of hul godsdiens die moeite werd is.... )*

- **En tog gaan eet Jesus steeds by hulle – v 37!** Jesus gaan aanhou om uit te reik na mense wat nog nie vir Hom lief is nie, wat nog worstel met sonde en skuldgevoelens, wat nog nie glo nie. Hoe is dit anders as die mense saam met wie ons graag kuier en uitnooi vir etes? Saam met wie kuier ons die meeste?

- **Jesus is nie bang om die waarheid te praat oor mense se lewens nie.** Hy vat die Fariseers direk aan oor die sake wat nie reg is in hulle lewens nie. **Waar begin dit alles – v 39-42?**
    - Hoekom was dit vir die Here so belangrik dat ons binnekante, ons harte reg moet wees? **v 39-40**
    - Vir Jesus is albei belangrik – ons harte en ons godsdienstige of toewydingshandelinge – **v 42b**.

**Jesus kritiseer hulle oor die volgende sake:** (6 x sê Hy : Ellende wag vir julle...")

1. Die Fariseers gee hulle tiendes volledig en tog is die Here nie tevrede daarmee nie – **v 42**. Hoe kan ons nakom van **die regte godsdienstige of toewydings- handelinge** steeds verkeerd wees? Wat is Jesus se oplossing daarvoor in **v 42b**?

2. Hulle soek die **eer van mense** – **v 43**. Wanneer raak dit verkeerd om die guns van mense te soek?

3. Hulle **bring geen lewe** in mense se lewens in nie – **v 44.** Hoe kan ons in ons vriendskappe en verhoudings met mense lewe bring? En hoe het kerkmense al lewe in jou doodgemaak?

4. Hulle stel standaarde vir ander mense wat hulle nie bereid is om by te hou nie – **v 46**. In watter situasies leef kerkmense wat jy ken soms met **dubbele standaarde**?

5. Die Woord (*profete*) daag ons soms uit met sake wat ons nie mee gemaklik is nie, wat ons nie wil doen nie – **v 47-51**. Hoekom is dit soms moeilik om aan die Woord gehoorsaam te wees?

6. Hulle maak dit onmoontlik vir ander om God te leer ken – **v 52**. Hoe kan ons huise plekke word waar mense God kan leer ken? Dink baie prakties en dink aan sake wat julle hierdie week in julle huise kan doen.

**Baie persoonlik:**
Jesus gaan eet by die Fariseers, daag hulle uit, en gaan weer weg, ***maar niks verander nie***. Hule is net nog meer negatief oor Jesus – **v 53**. En dit is amper die ergste in hierdie gedeelte. Maar ons is ook daar. Ons hoor baie keer goed op Sondae, of soms as ons Bybellees en verander nie – ons sukkel om te verander. Hoe kan hierdie gedeelte ons help om werklik te verander?

(vir leier: dink aan sake soos egtheid en eerlikheid, Jesus wat ons harte ken en ons van binne af wil verander, 'n eerlikheid oor hoe ons steeds met toewydingshandelinge God se guns probeer wen, ens...

**Hoe kan ons as selgroep mekaar hieroor uitdaag, help en aanspreeklik hou?**

**Gebed:** Bid spesifiek oor die sake wat julle besluit het julle as groep gaan doen.